# 19 September 2023 - Lesing 130 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

**_Bertha Dudde deur die Innerlike Woord_**

Ongeloof aan die einde

**NO: 7549** Daar is geen lang tydsbestek meer tot die einde nie. En as julle glo dat die voorspelde einde in die verre toekoms lê, sal julle verras wees hoe die **voortekens toeneem** en dat dit duidelik sigbaar sal word in watter uur julle leef. Alles sal egter **binne die grense van die normale** plaasvind en dit sal julle steeds weer die hoop gee dat die einde nog lank op homself sal laat wag.

Tog moet julle wil vry bly tot op die laaste dag, want onder dwang kan julle nie julle doel bereik nie. En die doel bestaan daarin om die verbinding met My te herstel, in vrye wil die hande na My op te hef en My aan te neem, Wie julle tot nog toe nie wou aanvaar nie.

Daarom sal die aardse lewe groot eise aan julle stel en julle sal **baie aardse nood** moet verdra, maar julle sal steeds die geleentheid hê om julleself na My te wend. Maar alles sal egter voor die einde op 'n heeltemal **natuurlike wyse** afspeel, **wat die gewekte van gees egter as laaste teken voor die einde sal herken**.

Wanneer Ek steeds weer vir julle aankondig dat julle kort voor die einde staan en julle slegs weinig tyd toegestaan is op hierdie aarde, dan moet julle hierdie aankondigings ernstig opneem en dit nie na die toekoms verplaas soos wat die mense lief is om te doen nie. Julle moet die woorde so verstaan soos wat dit vir julle gegee word, dit wil sê "letterlik opneem" - dan sal julle goed doen. **Want die tyd het gekom waarin die ou aarde gereinig gaan word en 'n nuwe aarde weer sal ontstaan.**

Maar al spreek Ek julle hoe dringend aan, wil julle dit tog nie glo nie. En Ek kan julle geen ander bewys gee vir die waarheid van My Woord as dat julle baie spoedig **verras gaan word deur 'n natuurverskynsel** - en dan kan julle sekerlik op die einde reken. Weet julle egter of julle eersgenoemde gaan oorleef, of dalk self aan die natuurgebeure ten offer val?

Beskou daarom die natuurgebeure net soos die einde, want baie mense sal hulle einde daarby vind en hulle lewe sal nie meer lank duur nie. Wees daarom nie lighartig nie en berei julle voor, ook wanneer die aardse lewe om julle heen skynbaar so ontwikkel dat dit alleen maar dui op 'n **opbou en opbloei**.

**Slegs een enkele dag en alles sal vergaan** - en het die aarde aan die vernietiging deur die natuurkragte ten prooi geval. **Die oorlewendes sal dan verskriklike beelde te siene kry**, omdat dit My wil is dat hulle nog tot besinning moet kom en die laaste genadetyd, wat tot aan die einde sal bly, kan benut.

Want alles sal vervul word volgens die woord wat Ek aan julle mense verkondig het deur sieners en profete en julle sal spoedig die waarheid van My Woord ondervind. En salig is hy wat My Woord aanneem en dan die weg vind tot My, want hy sal in groot nood steeds een uitweg vind. Hy sal My hulp sigbaar ervaar wat Ek beloof het aan almal wat na My sal roep.

Want daarom spreek Ek tot julle, sodat julle vooraf reeds vir krag kan vra, sodat julle dan ook in die grootste nood enkel en alleen op My hulp aangewese sal wees. Julle sal hierdie hulp ook verkry, want Ek vergeet MYNE nooit. **Sorg daarom dat julle tot MYNE gereken word. Roep My aan in julle nood en Ek sal julle verhoor.**

Amein.

Mattheus 24

*6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.*

*7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en **pessiektes** en **aardbewings op verskillende plekke.** [2 Ezra 6:24; 9:3]*

*8 Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. [Boekrol van Henog 1:1]*

Jeremia

*51:6 **Vlug uit Babel uit**, en red elke man sy siel; kom nie om in haar skandelikheid nie; want dit is die **tyd van wraak vir JaHWeH**: Hy gee haar verdiende loon.*

*51:7 Babel was in die Hand van JaHWeH 'n goue beker wat die **hele Aarde dronk gemaak** het; die nasies het van haar wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword. [Openbaring 18:3]*

*Jer 51:8 **Skielik het Babel geval en is verbreek**. Huil oor haar; gaan haal balsem vir haar pyn! Miskien sal sy gesond word.*

2Esra 15

*40 En daar sal groot en magtige wolke, vol onstuimigheid, **saam met die Ster opkom** sodat hulle oor die **hele Aarde** en die wat op haar woon, vernietiging sal bring; en ook sal hulle oor elke hoë en verhewe plek 'n **afgryslike storm** uitgiet.*

*43 EN hulle sal onstuitbaar na **Babel** toe gaan **om haar uit te wis**. [Openbaring 18]*

*44 Hulle sal haar omsingel en haar beleër, **en sal die Ster en al sy onstuimige verwoesting op haar uitgiet**; dan sal die stof en die rook opgaan tot in die Hemele en almal wat om haar is, sal haar betreur.*

Openbaring 18

*10 terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babel, o sterk stad, **want in een uur het jou oordeel gekom**!*

*21 En een sterk Boodskapper het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en haar in die see gegooi en gesê: **So, met 'n vaart, sal Babel, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie.***